# *Luister Na Hom*

Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik vir 'n woord van gebed.

2 Genadige Hemelse Vader, vanaand, soos ons weer kom, in U Goddelike Teenwoordigheid inkom en vra vir genade, is ons dankbaar vir alles wat U vir ons gedoen het in die dae wat verby is. Ons bid dat U weer met ons sal wees vanaand, en net weer vir ons U Teenwoordigheid sal wys vanaand.

3 Ons dank U vir al die mense wat na Christus toe gekom het gedurende die tyd van hierdie veldtog, en vir die goeie samewerking van die predikers en al die mense, en hulle goedheid.

4 Ons dank U vir al die genesings wat U gedoen en bewerk het, die briewe wat ingekom en die mense wat getuig het van toe hulle huis toe gegaan het en die groeisel van hulle afgeval het, die geliefdes wat genees is deur sakdoeke op te lê, en baie, ten minste twee of drie wat ons ken wat alreeds getuig het dat hulle in rolstoele was en huis toe gegaan het en die volgende oggend, wel, hulle beter begin voel het, en 'n dag of twee was hulle uit en weg.

5 God, skenk dat elkeen genees sal word, Here, al mag ons ver weg oor die nasie wees wanneer dit gebeur, maar U ontvang die heerlikheid, Here. En waar dit net 'n getuienis sal wees in die buurt en onder die mense vir U goedheid en genade.

6 Hier lê vanaand baie lappe en sakdoeke wat hier lê vir die siekes en beproefdes. Almagtige en Dierbare Vader, laat die Heilige Gees hulle nou oorskadu in hierdie daad van geloof, mag wie ook al hulle op gelê word, mag hulle genees word, Vader. U is God, laat U Goddelike genade rus op die mense wat hierdie dra, en mag daar nie een wees wat nie genees sal word nie.

7 Praat met ons vanaand deur U Woord, praat met ons deur die Gees, en wanneer ons huis toe gaan vanaand, mag ons sê soos diegene wat van Emmáüs af gekom het: "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit, in Sy Naam, en tot Sy eer. Amen.

8 Mag maar sit. Is dit nou reg bo in die balkonne, kan julle goed daarbo aan *hierdie* kant hoor? Oorkant aan *hierdie* kant? Goed, dis goed.

9 Ek het 'n paar vriende daar by die deur ontmoet, en hulle was 'n bietjie laat en hulle kon nie kry 'n, hier onder op hierdie vloer nie, so ek het vir hulle gesê ek weet nie of hulle te goed hoor daar bo nie, maar ek is bly dis nou reg.

10 Môremiddag is, jammer om te sê, maar die afsluiting van hierdie veldtog. Was beslis ’n wonderlike tyd vir ons. En ons waardeer alles, die goedheid, en alles wat gedoen is. Ons dank julle met ons hele hart, en vertrou dat julle môremiddag met ons sal wees.

11 Nou, daar’s—daar’s vreemdelinge hier van ander stede, die motel waar ek bly is volgepak, en, van ander motelle. En wanneer julle hier is, nou, in die oggend, sal daar Sondagskool wees by hierdie kerke hier, en, hierdie Volle Evangelie kerke hier in die vallei, en hulle sal julle beslis verwelkom by enige van hulle dienste, Ek veronderstel hulle is klaar bekend gemaak waar die mense is, en kom luister na hierdie manne. Nou, julle het gekom om hierdie tipe bediening te hoor, hierdie manne het hiernatoe gekom om te verteenwoordig, en hulle preek en het dieselfde dinge waarvoor ons hier staan, julle sal baat by hulle. Bring julle kindertjies na die Sondagskool toe, en sit hulle in die Sondagskool.

12 Julle weet, dis ’n sonde om julle kinders Sondagskool toe te stuur, julle weet dit. Gaan saam met hulle. Moet hulle nie stuur nie, gaan julle saam met hulle. Dis ’n sonde om hulle te stuur, julle by die huis te bly, so gaan julle—julle net saam met hulle. Bring julle hulle Sondagskool toe, en julle sal klasse, en onderwysers, ensovoorts vind.

13 En dan het ons ons Sondag—ons Sondagdiens in die middag, want dan kan die kerke voortgaan en die Sondagaanddiens hou. En almal wat bekeer is in hierdie dienste, gedurende die tyd hier, het ons die altaar-oproepe gemaak . . .

14 En jy vind vandag uit, sonde is so dig, dat sondaars nie meer baie geïnteresseerd is in Christus nie. Julle weet, ek glo Hy het amper opgehou om na hulle te roep. Julle weet daar sal ’n tyd wees wanneer die laaste sondaar na Christus toe sal kom, en daar nie meer sal wees nie, julle weet dit. Die Liggaam van Christus sal nie ’n fratsliggaam wees nie, dit sal nie een ekstra vinger hê as gevolg van jou of my nie. Wanneer die Liggaam voltooi is, is die werk voltooi, sal God Sy Gees teruggee aan die Jode, en die Heidene sal in die Wegraping gaan. Nou, so ons wil seker wees dat almal . . .

15 En partymaal miskien hier in Amerika, het ek vandag gedink terwyl ek in gebed was, aan hoe ’n tien dae lange herlewing, en net ’n paar bekeerlinge. Ek het gedink: “Oorsee, tien dae se herlewing sou waarskynlik tweehonderdduisend oplewer, of miskien ’n halfmiljoen bekeerlinge in ’n tien-dae diens in Afrika, of iewers soos daardie.” Maar weet julle ons moet elkeen uittrek? Sien, een siel is tienduisend wêrelde werd.

16 ’n Tyd gelede, het ek daar gestaan, in ’n—’n koliseum, en ek het gekyk en rondgekyk, gekyk na kuns en uitstallings, en ek het die ontleding van ’n menslike liggaam gesien. En daar was twee

jong mans, wat hierna gestaan en kyk het, en dit het gesê dat 'n man wat 'n honderd-en-vyftig pond geweeg het, hy vier-en-tagtig sent werd was in chemikalieë. Hy het net omtrent genoeg kalk in hom gehad om 'n hen se nes te besprinkel, en—en net *soveel* dat die chemikalieë vier-en-tagtig sent werd was.

Een van daardie seuns het daarna gekyk en gesê: "Wel, Jim, ons is nie veel werd nie, is ons?"

17 Ek het gedink: "Dis reg, hierdie liggaam is nie veel werd nie, maar tog sal ons 'n—'n tien-dollar hoed daar bo-op sit, 'n vyftig-dollar pelsjas, ons neus optrek, as dit sou reën, sou dit ons verdrink." Sien? Ons dink ons is iemand, uitgedos en mooigemaak, en gaan uit, ons sorg vir daardie vier-en-tagtig sent.

18 Jy in die restaurant ingaan, en hulle sou vir jou 'n bak sop gee en dit het 'n spinnekop daarin gehad, sou jy die restaurant dagvaar, jy beskerm hierdie vier-en-tagtig sent. Maar jy het 'n siel daarbinne wat tienduisend wêrelde werd is, en jy sal enigiets daarin afdruk, wêreld, wellus, enigiets anders, en dit—dis Ewig en dis tienduisend wêrelde werd. Maar ons beskerm die vier-en-tagtig sent, en stap weg van die waarde van tienduisend wêrelde. Is dit nie iets nie?

19 Ek het daardie seun aan die skouer gevang, ek het gesê: "Dit is so, seun, ons het nie baie in hierdie liggaam nie, dis net 'n paar chemikalieë, maar die siel wat aan die binnekant daarvan is, het God Sy Seun gekos." Dis reg.

20 'n Ou boemelaar, nie lank gelede nie, in Louisville, Kentucky, dink ek was dit, hy het altyd traktaatjies uitgedeel op straat, en 'n outomobiel het hom getref, en net elke been in hom gebreek, amper. Hulle het hom geneem na die, stadshospitaal, en—en hy was in so 'n slegte toestand dat hulle—hulle gedink het dit was nie nodig om met die ou kêrel te lol nie.

21 So, die dokters het 'n vergaderinkie gehou, en gesê: "Hy's nie, hy's is so 'n slegte toestand, hy, en hy's oud, hy—hy's regtig nie die moeite werd nie." So, hulle het gedink die ou man was, kon hulle nie hoor nie, maar hy was nie so—hy was nie so dood as wat hulle gedink het hy is nie. So, toe hulle . . . Paar minute wel, het die, het hulle gesê: "Wel, kom ons vat hom net weer af na sy kamer toe."

22 En die ou man het sy kop gedraai, en gesê: "Ja, ek is ook iets werd." Hy het gesê: "Ek is soveel werd dat God Sy eniggebore Seun gegee het dat ek Ewige Lewe kan hê, en ek het dit vyftig jaar gelede aanvaar, en ek het van toe af op die strate gestaan en traktaatjies uitgedeel." En hy het gesê: "Vandag is Hy soeter vir my as wat Hy ooit tevore was." Dis reg. Ons plaas waardes op die verkeerde plek. Sien? Partymaal, kyk ons na dinge . . .

23 Julle weet, toe Johannes die Doper kom preek het in die woestyn van Judéa, al die profete het getuig van daardie tyd, gesê: "Die hoë plekke sou laag gemaak word, die—die berge sou

spring soos klein rammetjies, en al die blare sou hulle hande klap, en wat 'n groot gebeurtenis!"

24 En hoe het dit gebeur? Die mense, die godsdienstiges van daardie dag, het gedink dat Christus sou afkom in 'n strydwa uit die Hemel, en—en met 'n ysterstaf, maar toe Hy gekom het, om die baccalaureus Boodskap te bring, was dit 'n ou prediker, half-geklee, met 'n stuk skaapvel om hom gedraai, wangbaarde op sy gesig soos 'n haarwurm, en hier kom Jesus aan, net 'n gewone Man, wat aangestap gekom het, en is gedoop in die water, op 'n ou modderige oewer van die Jordaan. Maar sien, in die, wat die mens groot noem, noem God dwaas; wat die mens dwaas noem, noem God groot. So dis net die menslike verstand wat verdraai is, julle sien, en net die teenoorgestelde daarvan.

25 Nou, julle wat notas geneem het, en dan voor ons die Skrifte lees, kan julle blaai na Matthéüs se Evangelie, die 17de hoofstuk, en sal ons—sal ons lees.

26 En terwyl ons lees, wil ek dit graag sê môremiddag, die gebedskaartjies, ons gaan probeer om net al die gebedskaartjies uit te deel wat ons moontlik môremiddag kan uitdeel, en probeer om almal te bring wat deur die gebedsry wil kom, hulle deurbring. Ons kan nie, kan nie vir almal onderskeiding kry nie, maar ons kan, ten minste hande op die mense lê en vir hulle bid. So, kom julle môremiddag vir die diens. Dit sal ons laaste diens in hierdie veldtog wees, en miskien, die laaste van hierdie soort dienste wat julle ooit in julle lewe sal sien, die bediening verander na iets wat groter sal wees.

27 Die 17de hoofstuk van Matthéüs:

> *. . . na ses dae het Jesus vir Petrus, Jakobus en Johannes, sy broer,* geneem *en hulle op 'n hoë berg gebring, apart,*
>
> *En het voor hulle van gedaante verander: en sy aangesig het geskyn soos die son, en sy klere was* so *wit soos die lig.*
>
> *En kyk, daar het aan hulle verskyn Moses en Elía wat met hom praat.*
>
> *Toe antwoord Petrus en sê vir Jesus, Here, dit is goed vir ons om hier te wees: as u wil, laat ons vir u drie tabernakels maak . . . hier drie tabernakels maak; een vir u, . . . een vir Moses, en een vir Elía.*
>
> *Terwyl hy nog gespreek het, het 'n helder wolk hulle oorskadu: en daar was 'n stem uit die wolk, wat sê, Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het; luister na hom.*
>
> *En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hulle aangesig geval en baie bevrees geword.*

*En Jesus het gekom en hulle aangeraak en gesê, Staan op, . . . wees nie bevrees nie.*

28 As dit ons Here so behaag vanaand om uit hierdie teks 'n konteks te neem, wil ek graag die onderwerp neem van daardie laaste drie Woorde van *Luister Na Hom*.

29 Dis 'n baie klein teksie. Iemand mag sê, met 'n gehoor van hierdie grootte: "Prediker, ek glo jy behoort 'n groter teks te hê."

30 Wel, miskien sou dit so wees, maar as hierdie gehoor net hierdie teks sal neem, is dit al wat ons nodig het. Dis nie die kwantiteit nie, dis die kwaliteit. Dis wat dit is. Dis die Woord van God, en as julle Hom net sal hoor, sal alles reg wees.

31 'n Tyd gelede, oorkant die rivier van waar ek woon was daar 'n—'n seuntjie wat rondgesoek het in 'n ou solderkamer, en hy het op 'n ou trommel afgekom, en hy het 'n klein, geel posseëltjie gekry, en hy het onthou dat daar onder in die straat van hom af 'n seëlversamelaar was, en hierdie versamelaar het ou seëls gekoop, wat 'n stokperdjie is; ek bring hulle van Europa, Asië, en oral vir die seëlversamelaars hier.

32 En hierdie seuntjie het hierdie seël gekry, en voor jy jou kom kry, het hy gedink: "Hierdie moet van een of ander waarde wees, want dis oud." So met 'n roomyshorinkie in gedagte, het hy gedink: "Ek sal dit afneem na die versamelaar, en miskien, miskien, sal ek genoeg kry om 'n roomyshorinkie te kry."

33 En hy het hom in die straat afgehaas na die versamelaar, en hy het gesê: "Meneer, ek het 'n seël gevind, en ek wens jy wil daarna kyk en kyk of dit—of dit enigiets werd is."

En die man het sy glas geneem, en sy kaart, hy het gesê: "Ja, dis 'n waardevolle seël. Hoeveel wil jy daarvoor hê?"

Hy het gesê: "Wel, hoeveel sal jy my daarvoor gee?"

Hy het gesê: "Ek sal vir jou 'n dollarnoot gee."

O, dit is net *onmiddellik* verkoop, dit het omtrent tien roomyshorinkies beteken. Gedink: "Dis goed."

34 Nou, ek mag verkeerd wees met my syfers, as ek is, en iemand het daarvan gelees, vergewe julle my. Maar ek dink dat daardie versamelaar daardie seël omtrent twee weke later verkoop het, vir vyfhonderd dollar, en toe is dit weer verkoop vir omtrent vyftienhonderd dollar. En ek vergeet nou net hoeveel daardie seël werd was, waar dit nou is, dit is *ver* in die honderde dollars.

35 Nou, dit was nie die waarde van daardie stukkie geel papier nie, dit was wat op die papier geskryf was, daardie, die waarde. Dit was nie die grootte daarvan nie, ook nie die papier waarop dit was nie, dis wat dit *op* die papier was.

36 Dis hoe dit met my teks is vanaand, dit is nie die grootte daarvan nie, en dit is ook nie die Indiese papier waarop dit

geskryf is wat dit waardevol maak nie, dis Wat dit is, dis die Woord van God, *Luister na Hom*.

37 Dis partymaal die klein dingetjies wat ons—ons ongedaan laat, wat soveel vir ons beteken. Ek glo dis iewers in die Skrif geskryf dat dit nie die groot dinge is wat ons doen nie, iets: "Wel..." maar die klein dingetjies wat ons ongedaan laat, of, 'n spreekwoord, dis waar.

38 Maak nie saak nie, partymaal kom manne, soos pastore, evangelis na die stad toe, en—en miskien mag hy, soos Broer Oral Roberts, of sommige van daardie uitsonderlike evangeliste, wat allerhande afsetpunte het wat tiene van duisende mense in 'n diens intrek, en dan wanneer hulle weggaan sal die mense neersien, miskien, op die pastoor, en sê: "Wel, daardie groot man en ons pastoor..."

39 Maar onthou, julle pastoor, daar word net soveel van hom gedink in die Koninkryk van God as enige evangelis, of enigiemand anders, hy staan op sy pos.

40 Nie lank gelede nie, bo in Kanada, toe wyle Koning George Vancouver besoek het was ek toe by Broer Baxter, en Broer Baxter het my vertel van die Koning wat in die straat verbygegaan het. En o, as julle hom ooit kon sien, hy was 'n dapper man. Daardie dag het hy so erg gely, dit was voor sy genesing van daardie veelvuldige sklerose, en hy het ook maagprobleme gehad. En in die koets, het hulle gesê hy ly verskriklik, maar jy sou dit nooit weet nie, regop gesit, met sy onderdane gepraat soos hy verbygegaan het.

41 Mnr. Baxter het daar agter in 'n plek gestaan en gehuil so hard as wat hy kon huil, en hy het gesê: "Broer Branham, die rede waarom ek gehuil het," hy het gesê: "ons koning het verbygegaan."

42 En ek het gedink: "Dit mag so wees," en die koningin wat gesit het in haar pragtige, blou rok, hoedat daardie mense wat hulle onderdane was, gehuil het, omdat hulle verbygegaan het. Ek het gedink: "As dit 'n Kanadees sou laat huil van vreugde, wanneer die koning verbyry, wat sal dit wees wanneer Jesus verbykom, die Koning van Hemel en aarde?"

43 Hulle het al die skole verdaag daardie dag, en hulle het vir elkeen van hulle, die kindertjies, 'n Britse vlag gegee om te waai vir die koning om hulle lojaliteit te wys. En toe die koning verbygegaan het, wel, het al die kindertjies teruggegaan na 'n sekere skool, behalwe een dogtertjie. En hulle het gewonder wat van die kleintjie geword het, sy was net 'n baie klein outjie.

44 En die onderwyseres, toe sy die name afgelees het, was die kind weg. Histeries, het sy in die strate ingehardloop, oral gekyk. En alleen, agter 'n telegraafpaal gestaan, met haar handjies op, net haar hartjie uitgehuil. En so het die onderwyseres na haar

toe gehardloop, en sy het gesê: “Skat, wat makeer? Het jy nie die koning gesien nie?”

Sy het gesê: “Ja, ek het hom gesien.”

Sy het gesê: “Het jy, toe, jou vlag vir hom gewaai?”

Sy het gesê: “Ja, ek het my vlag vir hom gewaai.”

Sy het gesê: “Waarom huil jy dan?”

Sy het gesê: “Ek het die koning gesien, maar ek is so klein dat die koning my nie gesien het nie.” En dit het haar hartjie gebreek.

45 Maar dis nie so met Jesus nie, maak nie saak hoe klein jy is, of hoe min jy doen nie, Hy neem alles op wat jy doen, Hy weet alles van jou, of jy groot is òf, of jy klein is. Hy weet alles daarvan, en dis alles opgeteken in Sy boeke. En partymaal is dit die klein dingetjies wat ons oplei na die groot dinge. Ons moet die hele Liggaam van Christus laat saamwerk.

46 “Luister na Hom,” dit is ’n Woord van verlossing aan elkeen wat dit sal glo; wat die sondaar uit die dood na die Lewe sal laat oorgaan, as hy dit sal glo, wat ’n—wat ’n man sal neem wat die Heilige Gees soek, en hom die Heilige Gees sal gee, wat ’n pasiënt vol kanker sal neem, wat ons geliefde dokters opgegee, gesê het moes sterf, dit sal hom weer oprig tot ’n volmaakte, normale, gesonde man, of ’n vrou, dit sal blinde oë oopmaak, wat nog nooit daglig gesien het nie, dit sal dowe ore oopmaak, dit sal verlos uit die inrigting vir kranksinniges. O, dis almagtig, as jy dit sal ontvang as God se Woord.

47 Hier, gedurende die tyd van die revolusionêre is dit gesê dat ’n man in die—die leër ’n misdaad gepleeg het, ’n federale oortreding, en hy is verhoor in ’n weermaghof, en is skuldig bevind omdat hy gedros het tydens die veldslag, en die—die opdrag was dat hy deur ’n vuurpeloton geskiet moes word.

48 En hy was in die tronk, en sy bepaalde dag wat hy sou sterf voor ’n vuurpeloton. Een of ander goeie vriend van hom het gesê: “Ek sal gaan, en ek sal na die hoogste offisier gaan wat daar is.” Wat in daardie tyd ons liefdevolle President Abraham Lincoln was, ’n groot Christen, groot Amerikaner.

49 En so het die man Mnr. Lincoln ontmoet toe hy uit ’n rytuig geklim het, en hy het gesê: “Meneer, ek weet dat u ’n regverdige man is, ’n Godvresende man, en u sal nie ’n man se lewe neem nie, maar tog, is ’n sekere man skuldig bevind aan—aan dros, versaak van sy plig, of sy plek in die veldslag, en hy is skuldig bevind, en moet sterf. Meneer, net een woord van u sal die man verskoon.” Gesê: “Sal u hom nie asseblief kwytskeld nie, meneer?” En hy het op sy knieë geval, gesê: “Die man is senuweeagtig, en hy het bang geword, en ek ken hom vandat hy ’n klein seuntjie was,” en gesê: “hy—hy het regtig nie bedoel om dit te doen nie, maar hy was senuweeagtig, en die gewere, en kanonne wat skiet, het hy gedros.”

50 Mnr. Lincoln het, op sy ordentlike en Christelike manier, 'n stuk papier geneem en daarop geskryf: "Ek begenadig hierdie sekere man. Abraham Lincoln." Sy naam geteken.

51 Die man het Mnr. Lincoln genadiglik bedank, die stuk papier gegryp, en na die tronk gehardloop so vinnig as wat hy kon. As 'n burgerlike, is hy natuurlik nie toegelaat om in te gaan nie, en net op versoek, en hy het die stuk papier na die man toe geneem, hy het gesê, hom op die naam genoem, hy het gesê: "My vriend, jy is begenadig!"

Hy het gesê: "Hoe weet ek dat ek begenadig is?"

Gesê: "*Hier* is 'n stuk papier met Mnr. Lincoln se naam daarop: 'Ek begenadig hierdie man, Abraham Lincoln.'"

52 Die man het dit teruggegee deur die sel, en gesê: "Moet my nie versoek nie. Waarom sou jy die lewe vir my moeiliker maak? Siende dat dit my tyd is om te sterf in die oggend, en dan kom spot jy my hier met 'n—'n klein stukkie papier soos daardie? As Abraham Lincoln my sou begenadig, sou dit die—die Seël van die Verenigde State gehad het, en, o, daar sou 'n groot seremonie daarvan wees."

53 Hy het gesê: "Meneer, dit is die handtekening van Abraham Lincoln." Net dieselfde as wat *Hierdie* die Woord van Almagtige God is. Hy het gesê: "Gee jy *hierdie* vir die eksekuteurs, en hulle sal die naam van Mnr. Lincoln herken, en jy is begenadig."

54 Hy het gesê: "Gee pad van die hok af, ek wil niks meer hoor nie!" En die man het geweier om dit te ontvang, en die volgende oggend het hy gesterf voor die vuurpeloton, en gesterf deur openbare teregstelling. En dan, hier is 'n stuk papier geskryf en geteken deur die President dat daardie man begenadig is, die dag voor hy gesterf het, en hulle het hom, in elk geval, geskiet.

55 So toe is dit verhoor in die federale howe, en hier was die beslissing van die federale howe van hierdie geliefde Verenigde State: dit het gesê: "'n Kwytskelding is nie 'n kwytskelding, tensy dit as 'n kwytskelding ontvang word nie."

56 Dis hoe hierdie Skrif vanaand is, Dit is 'n kwytskelding vir elkeen wat Dit as 'n kwytskelding sal ontvang, Dis genesing vir elkeen wat Dit as genesing sal ontvang, Dis genade vir elkeen wat Dit as genade sal ontvang. En enigiets wat God belowe het, dis joune as jy dit sal ontvang as God se Woord. Maar as Dit net nog 'n stuk literatuur is, beteken Dit niks vir jou nie. Maar as jy Dit kan aangryp en sê: "Dis God se Woord," dan beteken Dit *iets* vir jou.

57 Nou, Jesus, die. . .Ek het die voorreg in my lewe gehad om groot manne te ontmoet. En dis merkwaardig om op te let net hoe teenoorgesteld dinge kan wees. Ek het manne ontmoet wat groot manne *was*, en dan het ek manne ontmoet wat *gedink* het hulle was groot manne. En daar's beslis groot verskille tussen

hulle. ’n Groot man sal nooit ’n hoogmoedige wees nie, maar hy sal probeer om jou te laat dink dat jy die groot man is en hy niks is nie; en die man wat niks is nie en probeer groot wees, dis net andersom.

58 En dis waarom ek weet dat Jesus die Seun van God was. Hy het na die aarde toe gekom sonder om eers ’n plek te hê om gebore te word, Hy moes ’n baarmoeder leen, Hy moes ’n krip leen. Hy moes. . . Hy het ingekom deur ’n geleende baarmoeder, en uitgegaan deur ’n geleende graf. “Die jakkalse het gate, en die voëls van die hemel het neste, maar die Seun van die mens het geen plek om Sy hoof neer te lê nie,” tog, die Koning van die Heerlikheid, die God van die Hemel wat vlees geword het en onder ons gewoon het, dis wat Hom groot gemaak het, dis wat Hom gemaak het wat Hy was, deur Sy nederigheid.

59 Nederigheid, die pad onder toe is, altyd, die pad boontoe. “Hy wat homself sal verneder, sal God verhoog; hy wat homself verhoog, sal verneder word.” Die pad ondertoe, is die pad boontoe, vir die gelowige, homself te verneder voor God.

60 Jesus het mense van alle vlakke van die lewe ontmoet, Hy het in groot kringe ontmoet, eenkeer was Hy by duisende, vyfhonderd op een slag, twaalf op een slag, drie op een slag, en sal selfs tot na een toe kom. Dit maak Hom groot, want nie eers een persoon kan Hom ooit aanroep dat Hy net daar aan hulle sy sal wees nie. Dis wat Hom God maak as gevolg van Sy nederigheid.

61 En, julle weet, elke keer wat daar ’n groot geleentheid plaasvind. . . Hierdie waarvan ons gelees het, was ’n groot geleentheid. Petrus het dit later die heilige berg genoem in een van sy briewe. Ek glo nie dat Petrus bedoel het dat die berg heilig was nie, dis nie die heilige berg nie, dis die Heilige God op die berg.

62 Dit is nie ’n heilige kerk, of die heilige mense nie, dis die Heilige Gees in die kerk en in die mense. Dit is nie die kerk wat heilig is, of die mense nie, dis die Heilige Gees wat in die kerk is, dis wat dit heilig maak. Ek is bly daaroor. God is die Heilige Gees, en Hy’s die Een wat heilig is. En Hy, Sy Teenwoordigheid bring Sy Heilige Teenwoordigheid onder ons en verander ons geaardheid, en laat ons wil lewe soos Hy.

63 God, voor Hy enigiets doen, verklaar dit altyd eers in die Hemel en dan op aarde. Niemand gaan ooit in die oordeel in sonder om behoorlik gewaarsku te word nie. O, ek wil graag hier stop vir ’n halfuur of ’n driekwart, maar ek kan nie en dan die gebedsry hê, julle betyds laat opstaan in die oggend, by die kerk kom nie.

64 Maar let op, presies, daar gaan iets volg op hierdie herlewing, God stuur altyd genade voor die oordeel. Hy het altyd, Hy sal altyd. En hierdie groot herlewing, wat die Kerk gehad het, ’n herlewing van wonderwerke, en Goddelike genesing, en gawes

van die Gees, onthou, iets volg daarop, God stuur altyd genade voor oordeel. Hy verklaar dit in die hemele daarbo, soos die wyse manne die ster gesien het, gekom het om die Here Jesus te aanbid. En dan, gee God altyd 'n getuienis van wat Hy doen.

65 Nou, ons vind uit dat Jesus, hierdie groot geleentheid, Hy drie manne gekies het. Ek hou altyd daarvan om te dink aan Petrus, Jakobus, en Johannes, toe Hy Jaïrus se dogter opgewek het, het Hy Petrus, Jakobus, en Johannes geneem, en dis hoop, geloof, en liefde; daardie drie is 'n getuie. Drie is 'n getuie in die Ou Testament. En so hierdie keer, hierdie geleentheid was so groot, en die boodskap moes so groot wees, dat God getuig het.

66 Dis waarvoor ons vanaand dankbaar is, waaarvoor ek so dankbaar is teenoor God, dat hierdie Pinksterboodskap wat ons preek, God 'n getuie stuur. Die Bybel het gesê in Hebreërs 11: "God getuig van Sy gawes."

67 As 'n persoon enigiets sê, 'n mens kan enigiets sê, maar as God dit nie ondersteun met Sy Woord en met Sy Teenwoordigheid nie, dan het hy nie 'n getuie nie. So wat hy sê, as dit, as hy dit sê, die Bybel dit sê, en die Gees bevestig dit, dis drie getuies, dan is dit waarheid, dis bevestig, God sê dat dit so is.

68 O, dan vind ons God, hierdie geleentheid so groot was, Jesus het geloof, hoop, en liefde geneem: Petrus, Jakobus, Johannes, en opgegaan teen die berg. Nou, hierdie was so 'n spesiale geleentheid dat Hy ook drie hemelse getuies daar gehad het: Elía, Moses, en Jesus. Drie op die aarde, drie in die Hemel, Hy sou iets wees wat Hy wou hê wat opgeteken en onthou moes word.

69 Nou, wanneer ons uitvind dat nadat hulle opgekyk en hulle gesien het dat 'n skaduwee Hom oorskadu het, wat God regtig gedoen het, was in die Ou Testament, soos die predikerbroers weet, was om 'n Seun te plaas.

70 Nou ek wil hê, ek reken negentig persent van hierdie gehoor is Pinkster, so ek wil, hoop net ek maak nie seer nie, maar ek—ek wil net graag 'n—'n gedagte hier gee, wat op my hart is. Nou, waar ons die fout gemaak het in ons Pinkstersfere, is toe ons seuns geword het van . . . dogters van God, gevul met die Heilige Gees, ons gaan sit het, dis waar ons die kardinale fout gemaak het. Wel, jy is net dan gereed om te gaan werk. As elke persoon met die doop van die Heilige Gees aan die brand sou wees, soos Stéfanus en soos diegene op daardie dae, sou die herlewing deur die land trek.

71 So, sê: "Wel, ek is gered, en geheilig, en gevul met die Heilige Gees, en dis nou alles verby."

72 As God dit vir jou gedoen het, het Hy jou net gekies en jou gekies vir Sy diens om te gaan werk. Gaan uit in die strate, ja, getuig, getuig van Hom, dis presies wat ons veronderstel is om te doen.

73 Buite in die Karibiese Eilande, nie lank gelede nie, het ek gesê hoe God ’n groot ding gedoen het. Ek het soort van die Christen Sakemanne tereggewys, en ek het dit nie in die openbaar gedoen nie, ek het hulle alleen gekry, en ek het gesê: “Te veel van julle getuig: ‘God het my drie Cadillacs gegee, en ek het ’n klein besigheid gehad, hier aan die kant, en Hy het vir my drie Cadillacs gegee en ’n yslike groot *hierdie*, en *dit* alles.’

74 “Dit gaan soveel oor jou besigheid, getuig van God, wat Christus vir jou gedoen het. Gee ’n geleentheid, nie wat. . . Ons word te groot, ons—ons—ons groei finansieel te groot vir onsself. Wat ons wil doen, is om iets te gee waaroor ons God kan prys.” Ek het gesê: “Hoe verskil die Pinksters vandag, teenoor wat dit was in die dag van die Bybel! Hulle het alles verkoop wat hulle gehad het en uitgedeel aan die, dit vir die apostels gegee en hulle het dit onder mekaar verdeel.”

En ’n sekere kêreltjie, gawe broer, wonderlike man, hy het gesê: “Broer Branham, dis waar hulle die grootste fout gemaak het wat hulle ooit gemaak het.”

En ek het gesê: “Hoe was dit, meneer?”

75 Hy het gesê. . . Ons het buite onder die maanlig gesit langs ’n swembad, ons was by Kingston, Jamaika, en hy het gesê: “Hier is waar hulle die fout gemaak het: Toe, na die probleme begin het, het hulle nie enige huise gehad om na toe terug te gaan nie, hulle het ’n fout gemaak deur hulle huise te verkoop.”

76 Ek het gesê: “Die Heilige Gees maak nooit ’n fout nie.” Ek het gesê: “Hulle het nie enige huis gehad om na toe terug te gaan nie, so hulle het deur die hele land gegaan, vertel wat God gedoen het.” Sien? Ja, preek, getuienis gee, getuig. Hulle het geen huis gehad om na toe terug te gaan nie, hulle was waarlik reisigers en vreemdelinge, Abraham se Saad. God maak nooit ’n fout nie, nooit. Ons probeer om. . .

77 Ek het gedink, ek en my skoondogter daar, het, nou die aand, op pad huis toe gesing:

Begeer nie hierdie wêreld se ydele rykdom,
Wat so vinnig verval nie,
Bou jou hoop op Ewige dinge,
Hulle sal nooit vergaan nie.

Hou vas aan God se onveranderlike hand!

O, ek’s so bly om aan daardie hand vas te hou!

78 Nou, in die Ou Testament, lees ons daarin, en Paulus het dit oorkant verduidelik in verskillende briewe, ensovoorts, dat ’n kind wat gebore is in ’n—’n familie, sodra hy gebore is, hy ’n seun was. Nou, Koning James in die vertaling, wat blykbaar ’n verkeerde vertaling van Johannes 14 is, dit het gesê: “In My Vader se *huis* is baie wonings.” Wel, dit sê in werklikheid: “In My Vader se *Koninkryk* is baie paleise.”

79 Maar nou, as julle daarna sou kyk, hoe kan wonings in ’n huis wees? “In My Vader se huisie is baie wonings.” Julle sien, die Engelse definisies verander. Nou, in die dae van die vertalers van die koning, was ’n huis ’n koninkryk, en hy was die vader van daardie huis, al sy onderdane was in sy huis, so dis wat Koning James daar was in orde van die Skrif.

80 Want wanneer ’n man ’n yslike groot plek besit het, so ’n mooi, groot plaas, het hy baie huurders regoor hierdie plek gehad, en hy was ’n besige man, hy moes van plek tot plek gaan. En dan, wanneer ’n seun in sy huis gebore is, het hulle nie sulkes gehad soos ons vandag het, openbare skole, ensovoorts, soos hierdie pragtige Eisenhowergebou waarin ons vanaand is nie, hulle het dit nie gehad in daardie dae nie, hulle moes leermeesters huur om hulle kinders groot te maak.

81 Nou, wanneer ’n seun gebore is, was hy ’n seun sodra hy gebore is, was hy ’n gebore seun vir daardie huis. Maar tog, het hy nie enige erfdeel gehad totdat hy by ’n plek gekom het waar hy homself as ’n seun bewys het nie. En dan, wanneer daar bewys is dat hy ’n seun was, dan is hy aangeneem in die familie, en die wet van aanneming het hom gelyke eienaar gemaak saam met sy vader.

82 Nou, daar is waar die Pinksterkerk gefaal het, toe hulle seuns geword het, het hulle gevestig, gesê: “Dit is dit. Ons het ons kerk, ons het ons denominasie, en ons sal net aanhou om meer by te voeg.” Nee, dit is nie dit nie. Dit is nie wat. . . “Ons sal ’n beter gebou bou,” dis goed, “meer by die kerk voeg,” dis goed, maar God het jou ’n seun gemaak om jou ’n beproewing te gee om te sien hoe jy daarmee gaan optree.

83 Nou, hierdie vader het probeer rondkyk en die heel beste leermeester vind wat hy vir sy kind kon vind. Nou, dit was sy seun en hy wou nie een of ander afvallige hê wat sy kind sou grootmaak nie, hy wou ’n man hê wat eerlik sou wees. Hy wou ’n man hê, wat nie ’n veer in sy hoed probeer kry om vir die vader te sê: “O, die seun vaar goed,” wanneer hy nie goed vaar nie. Hy wou ’n man hê wat eerlik sou wees, en vir hom die regte soort verslag sou bring, en sien hoe hierdie kind grootgemaak word. So hy sou soek en die heel beste leermeester vind wat hy kon kry.

84 En dit was ’n tipe van wat God gedoen het. God het nooit ’n mens gevra om enigiets te doen wat Hy nie Self sou doen nie. Dis waarom God vlees geword het en vir die sondaar gesterf het, omdat Hy die sonde op die sondaar geplaas het.

85 Nou let op, dan wanneer dit plaasgevind het, sou die leermeester rondgaan, die kind leer, dit grootmaak, en die verslag aan die ouers bring, hoe dit met die baba gaan, of, hoe dit met die—die kind gegaan het. Nou, wanneer hierdie kind groot geword het, al was dit ’n seun in die huis, wat as hierdie kind op ’n sekere ouderdom sleg begin optree het? Nou, daardie leermeester

moes 'n eerlike man wees om die regte verslag aan die ouer te bring.

86 Nou, toe God Sy seuns uitgestuur het, seuns en dogters, het Hy 'n Leermeester gekry, of 'n Opvoeder vir daardie seuns en dogters, en Dit was nie 'n biskop nie, Dit was ook nie 'n kardinaal nie, Hy kon hulle nie vertrou nie, so hy het die beste gekry wat daar in die Hemel was om Sy Kerk op te rig, die Heilige Gees, Hy's die Leermeester van die Kerk. En ons het gedraai. . .Hy's eerlik, Hy sal vir die Vader sê net presies wat ons doen, Hy sal nie een ding terughou nie, Hy sal eerlik wees voor die Vader, hoe Sy kinders vorder. Nou, dis waarom Hy daardie Een gekies het, daar was geen beter wat Hy kon vind as om die Heilige Gees te hê nie.

87 Ons het alles behalwe die Heilige Gees aangeneem, ons wil nie hê die Heilige Gees moet ons leer nie, ons wil die biskop vir ons laat sê wat om te doen, of die—die kardinale, of—of iemand om vir ons te sê wat om te doen. Maak nie enige verskil wat hulle sê nie, as dit teenstrydig is met God se Woord en die leiding van die Heilige Gees, luister na die Heilige Gees, want dis jou Leermeester. Amen.

88 As hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby," laat dit 'n leuen wees, want God het gesê Hy's dieselfde, gister, vandag, en tot in ewigheid.

89 As hulle sê: "Die Heilige Gees was net vir die dissipels," het Petrus gesê op die Dag van Pinkster: "Dis kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Dis nie ons besigheid om daarmee te lol nie.

90 'n Tyd gelede, het ek gepreek oor die onderwerp van Jesaja 1:18: "Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?" En dis net soos 'n man wat sterf op die dokter se trappe, wat weier om sy medisyne te neem, dis nie die dokter se fout nie, dis nie die medisyne se fout nie, dis die man, want hy wil nie die medisyne neem nie.

91 Dis hoe dit is met die kerk vandag, ons het balsem, ons het geneeshere, ons het medisyne, maar sondaars sterf in hulle sitplekke in hulle kerke en gaan hel toe, omdat hulle weier om die medisyne te neem. Is nie die dokter se fout nie, dit is nie die medisyne se fout nie, dis die man se fout wat nie wil kom nie. Dis reg. Ons het balsem in Gilead.

92 Op die Dag van Pinkster, toe die balsem uitgegiet is, het ons 'n dokter daar gehad, sy naam was Dr. Simon Petrus, en hy het 'n voorskrif uitgeskryf. En hy het gesê. . .Hulle het gesê: "Wat kan ons doen om ingeënt te word van hierdie sondevraagstuk?" Daar was 'n tyd toe daar geen inenting was nie, maar ons het dit nou. "So, hoe kan ons maak, hieroor kom?"

"Wat het jy vir hulle gesê, Dr. Simon Petrus?"

93 Hy het gesê: "Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang, want die belofte, die voorskrif," halleluja, "hierdie voorskrif," (Wat die voorskrif skryf, is die Heilige Gees.) "hierdie voorskrif is goed vir *hierdie* geslag, en *daardie* geslag, en elkeen wat die Here onse God sal roep." Dis 'n geneesmiddel vir sonde, 'n dubbele geneesmiddel, vir sonde en siekte.

94 Nou, as jy 'n voorskrif neem. . . 'n Dokter wat 'n voorskrif uitskryf, hy het daardie medisyne bestudeer, en hy moet gif daarin sit om kieme dood te maak, en hy moet teenmiddel daarin sit om dit teen te werk, dat dit jou nie sal doodmaak nie. En as sommige van hierdie klein, kwak aptekertjies, of *veronderstelde* dokters probeer lol met daardie voorskrif, sal dit die pasiënt doodmaak. Dis wat die probleem vandag is, hulle maak dood, sterf geestelik, omdat hulle 'n handdruk vervang vir die doop van die Heilige Gees, en hulle maak die pasiënt dood.

95 Los uit die voorskrif, Petrus het gesê dis vir elke geslag hierna, moenie met daardie voorskrif lol nie, neem dit soos dit geskryf is. "Die Heilige Gees," het hy gesê: "is vir elke geslag hierna. Bekering, waterdoop, en jy sal die Heilige Gees ontvang."

96 Ons het geen reg om te sê: "O, waterdoop is in orde, sekerlik, opkom, ons sal jou doop, die regterhand van gemeenskap, en dit handel dit af," nie. Nee, meneer.

97 En ek sal julle sê, julle weet, die manier wat hulle medisyne kry, hulle neem 'n proefkonyn, en hulle ent hierdie proefkonyn in en probeer dit op hom, as dit werk, sal hulle dit vir jou gee. Partymaal sal dit jou ook doodmaak, want alle menslike liggame is nie soos proefkonyne nie. Maar toe God hierdie inenting wou probeer, het Hy dit nooit op 'n proefkonyn probeer nie, Hy het dit op Sy Seun gesit, en dit het gehou. Amen.

98 Toe hulle in Sy gesig gespoeg het, het Hy niks daarvan gesê nie, toe hulle Hom gevra het om een myl saam te gaan, het Hy twee gegaan, toe in die dood het dit gehou, en in die opstanding het dit gehou. En elkeen van hierdie mense wou weet vir hierdie inenting. En daar is dit.

99 En dieselfde resultate, wat die medisyne gedoen het op daardie mense. . . Nou, medisyne sal een persoon op een manier laat optree, en een op 'n ander, maar wanneer die Heilige Gees medisyne kom, laat dit hulle elkeen dieselfde optree.

100 Ek was in Thailand, baie van daardie groot plekke, Suid-Afrika, en rondom, waar die mense was, nie eens geweet het wat regter- en linkerhand was nie, laat hulle die Heilige Gees ontvang, weet julle wat hulle doen? Doen dieselfde ding wat julle doen. So dit werk dieselfde op almal. Daar kom Iets af uit die Hemel en Dit vul ons harte, soos 'n magtige rukwind, en hulle tree dieselfde op en doen dieselfde ding wat julle doen. Tog, kon

hulle nie ’n woord Engels praat en nie regter- en linkerhand onderskei nie, maar wanneer die Heilige Gees hulle tref, en hulle hierdie voorskrif neem, dan kry hy dieselfde ding wat julle doen, tree op dieselfde manier op. God wil die mense red.

101 Nou, hierbo het hy ’n seun geplaas. As hierdie seun nie reg opgetree het nie, was daar iets verkeerd. Dan moes hy na die vader toe gaan, en verbeel jou die verleentheid van die leermeester wat na die vader toe gaan, en sê: “Meneer, ek. . . ”

“O, hoe gaan dit met my seun?”

O, hoe skaam hy moes gevoel het: “Uh, hy—hy vaar nie baie goed nie. Uh, hy—hy—hy wil net nie luister nie.”

102 Wonder wat die Heilige Gees sê wanneer Hy voor die Vader kom met die karakter van sommige van Sy mense hier op aarde. Wanneer Hy soontoe gaan en gesê het, moet sê: “Vader, U dogters dra mansklere, hulle knip hulle hare af.”

“Wel, het ek nie enige dokters nie?”

“Sekerlik.”

“Sê enigiemand hulle daarvan?”

103 “Ja. Hulle bly Woensdagaand by die huis om *Ons Is Lief Vir Susie* te kyk, of wat daardie ding ook al is. Hulle wil nie kerk toe gaan nie, hulle gaan visvang op Sondagoggend, in plaas van om Sondagskool toe te gaan.” O, goeiste, hoe. . . Wel, hoe kan Hy enigiets met daardie seun doen? Hy’s ’n afvallige, daar’s niks aan hom nie.

104 “Ja, hulle absoluut, die kerk beoefen ruk-en-rol, daardie nuwe heldans wat hulle daar onder het. Party van daardie kêrels met hierdie eend-stert haarsnit wat daarbo sit, en maak soos hulle maak. En, o, baie van U mense gaan reguit soontoe, en—en baie van daardie *sogenaamde* dokters laat dit toe.”

“Wat doen hulle met My voorskrif?”

“O, hulle ignoreer dit, sê dit was vir ’n ander dag.”

105 Wat dink julle moet Hy dink? Wel, Hy moet dink dat baie van die pastore sigarette rook, drank drink, kaart speel. Dink daaraan. Hulle doen dit. Ek het oor die nasie en om die wêreld gereis, ek weet dis die waarheid. Sekerlik. O, dis ’n verskriklike ding. Hoe die Heilige Gees moet bloos in die Teenwoordigheid van God, om te sê wat die kerk doen! O, dit moet ’n verskriklike ding wees!

106 Nou, daardie kind in die Ou Testament, hy het nooit enige erfporsie gehad nie. Wel, die vader kon hom nie met enigiets vertrou nie. Watter soort kêrel sou hy wees? Maar hy kon hom nie vertrou nie, hy was altyd ’n seun, maar hy het nooit enige erfporsie gehad nie. En as julle nie oppas nie, Pinksterkerk, gaan dit ons deel wees, geen erfporsie nie.

107 Maar let op, die Bybel het gesê dat die wêreld, vandag, smag, wag vir die manifestasies van die seuns van God, God se seuns om gemanifesteer te word. Die wêreld wag daarvoor, vir die tyd om te kom, dat wanneer God se seuns, wat die heerser van die aarde is. . .

108 God het mense op die aarde geplaas, die mens om die aarde te regeer. Die Bybel het gesê dat 'n mens 'n god is. Het julle dit geweet? Hy is beslis. Jesus het gesê: "Is dit nie geskrywe in julle wette, dat julle gode is nie? En as hulle gode is, die profete, na wie die Woord van God gekom het, hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?"

109 Sien, hulle is—hulle is—hulle is gode, gevalle gode. Hulle kry 'n domein, die wêreld, hulle is veronderstel om daarna om te sien, die bome en dierelewe, alles wag vir die manifestasies van die seuns van God wanneer hulle op die aarde gemanifesteer sal word.

110 O, kom Here Jesus, is my gebed. O, daardie groot Millennium wanneer hulle gemanifesteer sal word! Ons maak nou gereed vir hierdie tyd wat kom, die Kerk moet gereedmaak.

111 Let op, soos ons 'n bietjie verder gaan, nou, as hierdie seun soort van 'n afvallige seun was, en hy het nie die vader gehoorsaam nie, wel, die—die—die leermeester het gebloos, en, wel, die vader kon hom nooit enigiets gee nie. Maar wat as hy 'n goeie seun was? En wanneer die vader sê: "Hoe vorder my seun?"

112 "O," sê die leermeester: "Vader, weet jy wat? Jou seun is net presies soos jy. Hy's besig met jou sake, hy doen dit net soos jy dit sou doen. Wel, die hele koninkryk hier, kan jou reg in daardie seun sien weerspieël word!" O, goeiste! Dis wat ons wil hê. Dis reg, weerspieëlings van Jesus Christus.

113 In die ou wêreld, het hulle altyd die goud geneem en die slaner sou dit slaan, die onsuiwerheid daaruit slaan, en hoe hy geweet het dat hy dit alles uitgekry het, wanneeer sy eie weerkaatsing in die goud ingekom het, het hy al die grond daaruit gehad en al die onsuiwerheid. En dis hoe God met Sy Kerk maak, Hy slaan Dit met die krag van die Evangelie, vertel hulle, draai hulle om, gee hulle aan *hierdie* kant, en aan *daardie* kant, en slaan al die wêreld uit, en al die twyfel, totdat die weerspieëling van Jesus Christus terugkom in die Kerk, dat die Kerk Jesus Christus kan sien, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, totdat ons die weerspieëling kan sien, die Kerk wat beweeg in die krag van God, net soos Jesus hier op aarde was. Hy weerspieël Homself in die Kerk.

114 Nou, hoe die Heilige Gees opgaan, sê: "O, daardie Kerk. . ." [Leë kol op band—Red.] ". . .wel, die tekens en wonders en weerspieëling van U Lewe is volmaak. Hulle doen alles wat U gedoen het, net soos U gesê het. En is hulle op en besig daarmee? Goeiste, hulle is—hulle is iemand wat ware karakter het." Dis

wat die Bybel wil hê ons moet doen, dis wat God wil hê ons moet doen, dis wat die Heilige Gees wil hê ons moet doen.

115 Soos ek vertel het by die ontbyt nou die oggend saam met die broers, onder in die suide, waar hulle altyd die slawerny gehad het, hulle het ou kopers gehad wat verbygekom en slawe gekoop het net soos jy motors koop by 'n—by 'n handelaar, hulle kry 'n koopbrief daarvoor. Hy verkoop menslike lewe soos daardie, as slawe.

116 God het die mens gemaak, die mens het slawe gemaak. God het nie bedoel dat enige mens 'n slaaf van 'n ander moet wees, ongeag sy ras, kleur, of geloofsbelydenis nie. Jy's nie 'n slaaf nie, jy's 'n vrygebore dienskneg van God. Hy wil nie hê enigiemand moet slawe wees nie, niks moet oor ons heers behalwe Hyself nie.

117 So hulle sou verbygaan en 'n paar kry, miskien 'n man wat 'n groot, sterk man was, 'n klein, skraal vroutjie gehad het, hom wegneem van haar, hom met 'n groot, swaar vrou teel, beter slawe te maak. Wel, dit was goddeloos, soos diere! Daardie mense is mense. Omdat hulle kleur anders was . . . Jesus Christus het gesterf om daardie mense te red, net soveel van 'n mens as enigiemand anders.

118 En hulle sou daar verbygaan, en eendag het 'n makelaar verbygekom en hy het gesê, by 'n ou plantasie, "Ek wil graag—wil sien hoeveel slawe jy het."

Gesê: "Ek het omtrent 'n honderd."

119 En hy het daar uitgegaan, en die slawe weg van die huis af, hulle was hartseer, hulle het geweet hulle sou nooit weer pappa en mamma sien nie, hulle sou nooit weer hulle kinders sien nie. Hulle—hulle sou swepe vat en hulle slaan om hulle te laat werk. En hulle het een jong man daar opgelet, hulle hoef hom nie te geslaan het nie, bors uit, ken regop, geloop met trots. En so het daardie makelaar gesê: "Ek wil graag daardie slaaf koop."

"O," het hy gesê: "hy's nie te koop nie."

Hy het gesê: "Sê," het hy gesê: "is—is hy die res van hulle se baas?"

Hy het gesê: "Nee, hy's 'n slaaf."

Hy het gesê: "Miskien voer jy hom anders as wat jy die res van hulle voer."

Gesê: "Nee, hulle eet almal saam in die kantien daarbuite."

120 Gesê: "Wat maak hom so anders as die res van hulle? Goeiste, hy's net op en aan die gang! Jy hoef hom nie te slaan nie, hy's die heeltyd aan die werk." Gesê: "Waarom is dit?"

121 Hy het gesê: "Ek het ook gewonder, totdat ek uitgevind het." Gesê: "Oorkant in die tuisland, is sy vader die koning van die stam, en tog is hy 'n vreemdeling weg van die huis af, maar hy

weet nog steeds hy's die seun van 'n koning, en hy gedra homself soos een." Halleluja!

122 Dis wat die Pinksterkerk behoort te doen, tog, al word ons bespot en elke soort naam genoem wat kan kom, behoort ons onsself te gedra soos seuns en dogters van God, want God is ons Koning. Vroue behoort aan te trek en op te tree soos dames, mans behoort mans te wees, behoort seuns en dogters van God te wees, ons karakter, ons getuienis behoort hoog in die stad te staan.

123 Bybel het gesê dat "Julle is die sout van die aarde." Die sout is die geurmiddel as dit kontak maak. Sit sout *hier*, en vleis *daar*, sal nooit die vleis red nie, jy moet die sout en vleis bymekaar sit. En sout skep 'n dors, ek sê julle, wat ons vanaand nodig het, is om so sout te wees, dat ons mans en vroue kan laat dors om soos julle te wees. Aan te gaan, sê: "Daar, as daar ooit 'n Christen was, ek gaan nie na haar kerk toe nie, maar sy's regtig 'n Christen. *Daar* is 'n man, ek gaan nie na sy kerk toe nie, ek gaan na 'n ander kerk toe, maar as daar ooit 'n Christen was, daar is een van hulle."

124 Dis wat ons wil hê. Dis die soort karakter wat God wil hê die Heilige Gees moet aan Hom getuig. O, as hierdie seun 'n goeie seun was, sy, lewe van God in hom weerspieël was, lewe van sy vader in hom weerspieël was. Nou, ons is seuns van God, dan behoort God Sy Lewe in julle te weerspieël. Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo die werke."

125 Daar het julle dit, ons behoort die Lewe van God in ons lewe te weerspieël. God behoort te weerspieël, ons behoort ons, al die twyfel en alles so uit ons uit te slaan, insoverre, totdat God wil sê: "Nou, sien een van My kinders *daar*, hy het *so-en-so*. Een van Myne *hier*, hy sal nie kriewelrig raak en aanhou spring van plek tot plek nie, hy glo My Woord. Hy staan net daar, reg bo aan die bokant. Ja, meneer. Niks kan hom laat verander nie, want hy weerspieël My Lewe."

126 Nou, luister nou, die broers wat hier sit, as daardie seun 'n goeie seun was, het daar 'n sekere dag gekom, o, goeiste, 'n sekere dag wat daar 'n seremonie gehou is vir daardie seun. En daardie seun is uitgeneem na die openbare plein en is 'n sekere koninklike kleed aangetrek, en hulle het gedoen, die vader het, het die seremonie van aanneming uitgevoer, en hy het sy eie seun aangeneem wat gebore was.

127 Nou, wanneer jy die Heilige Gees ontvang, dis een ding, jy word gebore, maar nou vir die seremonie van aanneming. Dan het hy hierdie seun in sy familie aangeneem, en hulle het 'n seremonie gehad. Nou, as hulle tjeks sou uitskryf, enigiets wat daardie seun gedoen het, was net so goed, sy naam was net so goed op die tjek soos sy vader, na daardie aanneming. Hy was erfgenaam na die aanneming.

128 Wel, dis waar die Kerk vanaand moet wees, Dit moet op 'n plek wees waar God julle eenkant toe sal roep, en Sy heerlikheid oor julle sal gooi, Sy krag oor julle sal uitsprei, julle aanneem, en julle plaas, glorie, in die Liggaam waar dat, wanneer julle spreek, iets gebeur. Dis wat die Kerk vanaand nodig het. Maar as ons, ons karakter verlaag in plaas van verhoog, hoe gaan Hy dit doen?

129 Ons moet voortgaan om elke werk van God te glo, en geregtigheid te soek, en te doen dit wat reg is in die oë van God, deur Hom daagliks aan te roep, daagliks besig met Sy werk, ander te kry om in die kerk in te kom, om iemand te probeer kry om die Here te kom dien. Al die mense vir wie jy werk, die melkman, die—die posman, en—en die—die ysman, of wie dit ook al is, almal waarmee jy in aanraking kom, praat met hulle oor die Here. Sê dit met goeie woorde, sag, dat, moenie op hulle spring nie, sê dit net met sagtheid, dat hulle sal sê: "Sê, daardie dame is 'n ware dame. Sy het met my gepraat oor die Here. Daardie man, ek het nog nooit so 'n man gesien nie. Hy's die gaafste man wat ek ooit ontmoet het. Jy weet, ek sou graag sy godsdiens wou hê."

130 Dis wat hulle dink van sy godsdiens, maar 'n godsdiens is 'n bedekking. Dis reg. En ons bedekking is nie: "Ons is Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster nie." Ons bedekking is die Bloed van Jesus Christus, dis ons bedekking, ons godsdiens.

131 Nou, let hierdie op, dan wanneer hierdie aanneming gekom het, was daardie seun se naam net so goed soos sy pappa. Dan was hy erfgenaam van alles, alles wat sy vader gehad het, het hy ook gehad.

132 Nou, Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Hy sal in staat wees om dieselfde dinge te doen wat Ek doen." Nou, God het hier bewys, wat Hy aan Sy Eie Seun gedoen het, Hy het Hom behaag.

133 Nou kyk, hulle het almal daar gestaan, en dit was 'n groot ding, en God het drie Hemelse getuies geroep, en drie aardse getuies, om dit te aanskou, dat, soos dit in die Ou Testament is, hulle het getuies daarbuite gehad om te sien dat hierdie aanneming gedoen is. Nou, wat het God aan Sy Seun gedoen? Hulle het daar uitgegaan op hierdie berg en meteens, het daar 'n groot, wit wolk afgekom en Jesus oorskadu, en Sy klere het geskyn soos die son, Sy klere. Wat was dit? Daardie spesiale kleed van aanneming, amen, spesiale kleed van aanneming. En Hy het Hom oorskadu, en gesê: "Ek neem My Seun aan. Dit is My geliefde Seun, luister na Hom, Hy's die Een."

134 O, julle weet wanneer die bonatuurlike gedoen word, maak dit—dit mense opgewonde. Dis wat gebeur het in ons herlewing, in die Pinksterherlewing, ons . . . gebeur altyd so.

135 Toe Moses opgekom het uit Egipte, was die bonatuurlike gedoen, die onbesnedenes het saam met hom gegaan, die laer na 'n ruk besoedel. En ons het baie mense gehad wat probeer

naboots het om die Heilige Gees te hê. Mense wat net gesê het: "Wel, die res van hulle het geskree, ek sal ook skree." Dis vlees.

136 En jy kan enige van daardie nabootsings doen, maar dis nog nie die Heilige Gees nie. Die Heilige Gees is iets wat *hier* binne gebeur, dis reg, wat vrugte dra. Soos ek gisteraand gesê het: "'n Skaap dra wol, want hy's 'n skaap. En wanneer jy wedergebore is, dra jy die vrugte van die Gees, want God is in jou." Sien?

137 Nou, iets het gebeur. Moses het 'n gemengde menigte gehad, dis altyd 'n gemengde menigte, ons het 'n gemengde menigte gehad, dit het uitgegaan om gawes na te boots, en—en om, dit het mense bang gemaak.

138 Nou, toe ek gepraat het by die ontbyt nou die oggend met die broers, ek kan nie herders blameer dat hulle bang is nie, daar's alles los in die wêreld. Dis presies reg. O, allerhande soorte sensasies wat onskriftuurlik is, en al die res, en 'n klomp onsin wat nie eens Skriftuurlik is nie. Ek blameer nie pastore nie, hulle is herders, God sal hulle daarvoor laat antwoord. Maar wat beteken 'n vals dollar? 'n Vals dollar beteken dat dit 'n regte een is waarvanaf dit gemaak is, daar's 'n regte een iewers. Waarom sou jy 'n valse aanvaar, wanneer daar is, die ganse hemele vol is van die egte Pinkster? Dis wat ek wonder. Waarom wil julle die plaasvervanger aanvaar, wanneer die hemele vol egte Pinksterkrag is, sekerlik, wat regtig die hart reinig?

139 Nou, julle weet Petrus het opgewonde geraak toe die bonatuurlike gedoen is, hy het Jesus daar sien verheerlik word, en God wat Hom aanneem. Nou, toe die vader die seun aangeneem het, in die Ou Testament, was die seun in beheer, dis reg, is oorgeneem. Nou, God het gesê: "Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het, van nou af, luister na Hom. Luister na Hom."

140 Petrus het opgewonde geraak, hy het geraak soos mense raak, wanneer die bonatuurlike gedoen word, hy het gesê: "Laat ons drie tabernakels hier bou, laat ons drie denominasies daaruit maak. En almal wat onder die wet wil aanbid, en almal wat onder die profete wil aanbid, en almal wat vir Jesus wil aanbid, sal ons drie verskillende denominasies hê."

141 Dis hoe dit gaan, jy het vroeë reëns, laat reëns, binne reëns, buite reëns, en allerhande dinge wat daarop volg, dis waar, dis reg. "Laat ons 'n paar denominasies bou."

Maar voor hy klaar gepraat het, voor hy dit uit sy mond gekry het, het God gesê: "Dit is My Seun."

142 Daar was Moses, hy het die wet verteenwoordig. Wel, die wet—die wet is die polisieman, die wet sal jou in die tronk sit, dit het geen krag om jou uit te kry nie, die wet veroordeel jou net, die wet het ons veroordeel, die wet oordeel jou. Ek's bly dat Moses en sy wet weg is, dit het geen genade daarin gehad nie, dit het geen verlossing daarin gehad nie, dit was die wet van straf

dat jy skuldig is, het die wet gesê. Sit jou in die tronk, dis al daarvan, jy's in die tronk. Ek is bly dit het verbygegaan.

143 En toe, daar het Moses gestaan, of, die—die Elía, Elía het die profete verteenwoordig, wat God se geregtigheid was. Elía het opgegaan op die berg, gaan sit. En die koning het 'n klomp manne opgestuur om hom te kry. Hy het opgestaan en gesê: "God het vir my gesê om hier op te kom en te gaan sit, julle moenie op hierdie grond kom nie." Gesê: "As ek 'n dienskneg van God is, laat daar Vuur uit die Hemel val en julle verteer." Die Vuur het afgekom. Dis geregtigheid. Hulle wou nie na die Woord luister nie, so dis geregtigheid. Broer, ek is bly, ek wil nie Sy geregtigheid hê nie, ek wil Sy genade hê, nie Sy geregtigheid nie.

144 Ons word almal veroordeel deur Sy wet, ons sou almal sterf onder Sy geregtigheid. Ek is so bly dat God gesê het: "Hulle is klaar weg, Dit is My geliefde Seun, luister na Hom." Hy het barmhartigheid, liefde, genade, genesing, heerlikheid, en krag, en die Heilige Gees vir ons. "Luister na Hom, Dit is My geliefde Seun. Ter wille van julle oortredinge is Hy deurboor, ter wille van julle ongeregtighede verbrysel, die straf wat vir julle die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir julle genesing gekom. Luister na Hom. Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, Ek sal julle rus gee."

145 "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen. Meer as dit sal hy doen, want Ek gaan na My Vader. As julle in My bly, en My Woord in julle, vra wat julle wil, en dit sal vir julle gegee word." O, goeiste! "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die voleinde van die wêreld, tot die einde van die voleinding." Halleluja!

"Dit is My geliefde Seun, luister na Hom."

146 As julle genesing wil hê: Luister na Hom. As julle genade wil hê: Luister na Hom. As julle die Heilige Gees wil hê: Luister na Hom. Moenie handskud met die biskop nie, raak *Sy* kleed aan. As jy genesing wil hê, luister na Hom. As die dokter sê jy gaan sterf, luister na Hom. Luister na Hom. Luister jy na Hom! Dis genoeg om 'n man opgewonde te maak.

147 Petrus het iets egs sien gebeur, iets wat gebeur het, wat eg was. En enige man wat karakter het, enige vrou wat karakter het, hulle wil hê, die wêreld is honger om iets egs te hoor. Hulle wil iets in die hande kry wat eg is, wanneer hulle dit vind, is hulle gewillig om dit te ontvang. Maar hulle wil iets hê wat eg is, nie een of ander bedrieglikheid, voorgee nie.

148 Almal van julle weet dat ek 'n jagter is. Ek het jare gelede opgegaan in die noordelike woude om te jag. Ek het 'n hut daarbo gehad wat aan 'n ander kêrel behoort het, ek en hy, en ons het gejag. Sy naam was Bert Call, een van die beste jagters wat ek ooit gesien het, en die wreedste man wat ek ooit geken het.

Daardie man was die wreedste persoon, wat ek ooit in my lewe gesien het. En hy het gebruik. . . Ons het altyd saam met hom gejag, maar hy was—hy was ’n goeie skut, half Indiaan, ook, en jy kon hom nie in die woude laat verdwaal nie, jy hoef nie iewers na hom te gaan soek het nie, hy was—hy was altyd op die plek. Maar hy was net so wreedaardig, en hy het oë gehad wat soos ’n akkedis gelyk het. En hy sou, hy het altyd sommer net om my te terg as ’n prediker. En, julle weet, hy het altyd klein takbokkies geskiet net om my sleg te laat voel.

149 Nou, julle jagters, julle broers wat jag, ek het niks daarteen om ’n klein takbokkie te skiet nie. As die wet sê jy kan dit doen, goed, maar moet net nie ’n groot klomp van hulle skiet om gemeen te wees nie. Daar’s niks daaraan om ’n klein takbokkie dood te maak nie, dis in die haak. Abraham het ’n kalf doodgemaak, en God het dit geëet. So daardie, dis nie. . . Die verkeerde is nie daar nie, maar net om gemeen te wees, dis jou gesindheid. Dis reg. En hy het dit gedoen net om gemeen te wees, hy wou my laat sleg voel.

150 Een jaar, het ek en my vrou na die kamp toe gegaan, en ek het ’n bietjie laat gegaan, want ek moes laat werk, en hy het vir hom ’n ou fluitjie gemaak wat geskree het net soos ’n klein, baba takbokkie wat roep na sy mamma, en hy sou daardie fluitjie blaas. Ek het gesê: “Bert, jy gaan dit nie gebruik nie.”

Hy het gesê: “O, jou lafhartige prediker, kom by.”

151 Ek het gesê: “Bert, jy sal dit sekerlik nie doen nie, maat.” Ek het gesê: “Jy’s een van die beste kêrels wat ek ooit ontmoet het, ’n goeie jagter, ek hou daarvan om by jou te wees, maar jy’s te wreed.” Ek het gesê: “Moenie daardie babatjies soos daardie skiet nie.” Ek het hom eendag een sien skiet, wat appels geëet het, en die appels geblaas, die takbok teen sy moeder gegooi aan die ander kant en dit doodgemaak. Ek het gesê: “O, hoe kan jy dit doen? Jy’s ’n wrede kêrel.”

152 “O,” het hy gesê: “jy’s net lafhartig, prediker, dis hoe dit is met al julle predikers, net lafhartig.” Ek het gesê. . . Hy het gesê: “Ek het gedink jy is ’n jagter.”

153 Ek het gesê: “Ek’s ’n jagter, maar ek’s nie ’n moordenaar nie.” Ek het gesê: “Dis ’n moordenaar, dis so erg soos Hitler,” het ek gesê: “om so-iets te doen.”

154 O, ons het gaan jag daardie dag, en dit was laat in die seisoen, en—en daardie wit-stert takbokke daarbo, julle dink Houdini was ’n ontsnapkunstenaar, julle behoort een van hulle te sien nadat die paar gewere afgevuur is, en hulle is regtig moeilik om te vind. Daar was omtrent, o, reken ek, omtrent ’n voet-en-’n-half sneeu op die grond, goeie spoorsnyweer.

155 En ons het ver uitgegaan, was weg tot die middag, en ons het altyd ’n termosfles vol warm sjokolade gehad, dit het baie stimulasie daarin, en ’n paar toebroodjies, en omtrent

middag sou ons gaan sit en hierdie toebroodjies eet wanneer ons opgegaan het oor Kersieberg, en—en oor die Presidensiële Reeks, ensovoorts. Dan sou ons terugkom deur die gapings, hy sou een rigting inslaan, en ek 'n ander een op pad terug na die kamp, inkom daardie aand.

156 So, ons het die hele oggend gejag, dit het soort van laat in die dag geword, en ons het deur 'n klein ooptetjie gekom, net omtrent die grootte van hierdie ouditorium. Nou, enigiemand wat takbokke jag, weet omtrent elfuur in die dag, lê takbokke. En veral as hulle baie gejag is, kruip hulle weg, bly daar en honger hulleself uit, of eet by die maanlig. En dan, hulle. . . Dis moeilik om hulle te vind. En as hulle enigsins uitkom, sal dit baie laat in die aand wees, baie vroeg in die oggend. Hulle gaan agter in daardie onderbos en windvalle in en kruip weg. Daardie klein wit-stertjies is baie goed daarmee.

157 So ons het daar gestop, ons het nie eens 'n spoor gesien nie. En Bert het soort van gebuk, ek was by 'n sneeuwal, en hy het gebuk, hy het in sy hemp gevoel, ek het gedink: "Wel, hy gaan nou sy termosfles kry, ons sal 'n toebroodjie eet." En ek het my geweer neergesit. En toe hy uitgekom het, het hy opgekyk na my met daardie akkedis-oë, en hierdie ou fluitjie gehad.

Ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie blaas nie!"

Hy het gesê: "O, prediker, kom by."

158 En hy het daardie fluitjie geblaas, en dit het net geklink soos 'n klein, baba takbokkie wat skree vir sy—vir sy moeder. En toe hy dit gedoen het, net oorkant daardie opening het 'n yslike groot ma-ooi opgestaan, nou, die ooi is die ma takbok, opgestaan. Sy was so naby, dat ek selfs daardie groot, bruin oë kon sien, en daardie yslike groot ore, soos *daardie*, wat regop staan. Sy het daardie baba gehoor, sy was 'n ma, en die baba was in die moeilikheid, dit het gehuil.

159 Sy het 'n bietjie rondgetrap, ou Bert het weer opgekyk na my, ek het gesê: "O, moet dit nie doen nie, Bert." En hy het dit weer geblaas, en sy het reguit uitgestap in die oopte.

160 Nou, broer, dis ongewoon vir daardie takbok. En ek kon amper die are in haar gesig sien, daardie groot, mooi ding wat daar staan. En ek het ou Bert daardie patroon sien sit, in daardie .30-06 daar bo, daardie geweer oplig, hy's 'n dodelike skut, daardie teleskoophare het reg oor haar getroue hart gelê.

161 Nou, sy het nie net voorgegee nie, daar was iets in haar, daar was 'n ma, die baba was in die moeilikheid. Toe die slot toegegaan het, het die takbok die slot hoor toegaan, toe hy die slot toegeskuif het, patroon, in die loop van die magasyn geklik het, en toe dit afgeklik het soos *daardie*, het sy omgedraai en sy het gekyk, en sy het die jagter gesien.

162 Ek moes net my kop laat sak. Sy het gekyk. Dink julle sy het gehardloop? Nee, meneer. Sy het die jagter gesien, sy het na hom gekyk vir 'n oomblik, en sy het weggedraai, om te probeer vind waar daardie baba was. Sy was nie 'n skynheilige nie, sy was 'n ma, daar was iets in haar, ongeag van lewe of sterwe, haar baba was in die moeilikheid, en of sy gesterf het of nie, sy sou daardie baba kry.

En ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie doen nie!"

163 Ek het hom sien aanlê, ek het geweet binne 'n sekonde of twee sou hy daardie getroue hart van daardie ma regdeur haar ander kant blaas, daardie groot, honderd-en-tagtig-grein, sampioenkoeël sou haar hart uitblaas aan die ander kant.

164 Ek het gedink: "Bert, hoe kan jy so wreed wees, om so-iets te doen, daardie getroue hart van daardie ma te skiet, wat daar staan met 'n egte, getroue hart?" Selfs ten aanskoue van die dood, het sy nie omgegee nie. Haar baba was in die moeilikheid, jagter wat skiet of nie, sy sou daardie baba kry. "Hoe kan jy so wreed wees om dit te doen?"

165 Hy het my nie opgelet nie, hy het gemik, en ek het geweet hy was 'n skut. Ek het net my rug gedraai, ek kon nie kyk hoe dit gedoen word nie. Ek het by myself begin bid, ek het gedink: "Here, moet hom nie toelaat nie, moenie dat hy daardie kosbare moeder daar doodmaak nie, kyk wat doen sy, daar uitloop op soek na haar babatjie. Dis 'n skynheilige daad om haar te laat dink dat haar baba daar buite is, en haar daar uit te bring, daardie getroue hart, wat haar baba soek, en dan haar hart uit haar uitblaas, dis wreed." Ek het gesê: "Moenie dat hy dit doen nie, Here."

166 Ek het gewag en die geweer het nooit gevuur nie, ek het gewonder wat die probleem was, en toe ek omgedraai het, het die geweer *so* gegaan, gebewe.

167 Hy het rondgekyk, daardie akkedis-oë het verander, groot trane het teen sy wange afgerol, hy het die geweer op die grond neergegooi, hy het my om die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Prediker, ek het genoeg daarvan gehad." Gesê: "Vertel my van daardie Jesus wat jy so goed ken."

168 Wat was dit? Hy het iets egs gesien. Alles wat ek vir hom gepreek het, al die liedere wat hy gehoor het. . . Hy's nou 'n diaken in die Baptiste kerk daar bo. Wat was die probleem? Toe hy iets egs gesien het, het hy iets gesien wat nie skynheilig was nie, hy het iets gesien wat eg was, wat vertoon word. Jesus het gesê: "As hulle stilbly, sal die klippe onmiddellik uitroep."

169 Broer, suster, mense wil iets sien wat eg is. Hulle wil—hulle wil iets hê wat hulle kan sien wat eg is. En God het Dit vir julle vanaand, dis Sy geliefde Seun: Luister na Hom. Hy's die Een Wat jou daardie regte *egte* kan gee, nie iets, wat jy sê nie: "Wel, 'n

Christen behoort soos *dit* op te tree" nie, maar 'n ware vertoon van ware Christendom.

170 "Dit is My geliefde Seun, luister na Hom," het die Here gesê.

171 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik vir gebed. Terwyl julle julle hoofde gebuig het, net 'n oomblik, gaan ek julle 'n opregte vraag vra, en ek wil die opregtheid van julle hart hê. Nou, laat net ek en die Heilige Gees kyk, as julle sal, almal wat bid.

172 Hoeveel van julle hierbinne wil graag vir God sê: "Maak my soveel van 'n Christen vir U, gee my dieselfde liefde vir U wat daardie ou ma takbok vir haar klein takbokkie gehad het, ongeag van wat kom of gaan."

173 God seën jou. God seën jou. O, kyk net regoor die gebou, bo in die balkonne, amper 'n honderd persent, hande op. Om die waarheid te sê, myne is ook op.

174 God, wil in my om U wil te doen. Skep in my, Here, skep in my 'n groter honger, skep in my en hierdie Kerk, U Liggaam, skep in ons die Gees van U seuns en dogters. Maak ons eg, Here, maak ons eg. Ons het U lief, Vader. Gee ons U Gees. Ons hoor Hom aand na aand met ons praat, ons hoor Hom deur die Bybel soos die pastoor ons leer, ons hoor Hom in Sy gawes, soos Hy Homself uitspreek dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. God, gee ons daardie ware, troue geloof, daardie ware, troue liefde, wat ons U sal laat liefhê soos daardie ma takbok haar babatjie liefgehad het.

175 Here, seën Bert vanaand, hy weet miskien nie ek vertel hierdie storie ver hier in die weste nie. Ek onthou, Vader, het hom verlede jaar gesien, hoe hy my vasgehou en gehuil, gesê het: "Onthou jy die takbok, Billy?"

Ek het gesê: "Ja."

Hy het gesê: "Ek het iets daar gesien wat eg was. En ek het geweet Iets moes dit skep, Dit was die God waarvan jy gepraat het."

176 Hemelse Vader, seën hulle wat hulle hande opgesteek het. Skep in hulle, Here, die Gees van God, 'n liefde wat elke Woord sal glo wat God gesê het, wat gewillig is om vorentoe te tree ongeag van wat enigiets anders, wat 'n simptoom sê, wat die dokter sê. Ons verkleineer hom nie, Vader, hy doen alles wat hy kan doen, maar as hy die pasiënt opgegee het, en sê dit moet sterf, God, mag hulle na vore tree met getroue liefde soos daardie ma, sê: "Lewe of sterf, my siel dors na U, Here, soos 'n hert smag na die waterstroom."

177 Skenk dit, Here. Seën hulle. Mag hulle die begeerte van hulle hart kry, want ek vertrou hulle toe aan U as die trofeë van die Boodskap, in die Naam van Jesus Christus, U Seun.

178 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, as daar enige sondaar hierbinne is, in die gebou, enige sondaars, wat Jesus nooit as

hulle persoonlike Verlosser aanvaar het nie, en julle wil reg begin, miskien het jy gesê: "Wel, eendag sal ek begin, maar wanneer ek ooit 'n Christen word, sal ek regtig 'n Christen wees," seën jou getroue hart, nou is die tyd om te begin, dit vanaand te begin. Sal jy nie hier opstap nie?

179 Een of ander sondaar, seun of meisie, man of vrou, wat Jesus nie ken as hulle Verlosser nie, hulle mag aan die kerk behoort, dis alles reg, ek sou liewer wil hê jy moet behoort aan die kerk en 'n sondaar te wees, as om glad nie kerk toe te gaan nie. Jy vaar goed met wat jy doen, maar nou, waarom nie kom en 'n ware Christen wees nie? Waarom nie daardie ware liefde van God in jou hart kry, wat jou dryf na die—na jou pos, dat die Leermeester boodskap na die Vader toe kan neem nie? O, Hy sal jou een of ander tyd uitneem, 'n Engel sal aan jou verskyn, Hy sal Sy kleed van krag op jou sit, en Hy sal—Hy sal jou dan aanneem deur die aanneming, jou krag gee om vir Hom te werk. Sal julle nou vorentoe kom, terwyl ons net 'n oomblik wag?

180 Wanneer ons sing, as die broer vir ons 'n klein akkoordjie sal gee, almal van ons met ons hoofde gebuig, bid vir die sondaar, terwyl ons wag:

> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed,
> Getrek uit Emmanuel se are,
> Waar sondaars gedompel het onder die vloed,
> Al hulle skuldvlekke verloor.
>
> Daar is 'n Fontein gevul met Bloed
> Getrek uit Emmanuel se . . .

181 Sal julle vorentoe loop hier, en net 'n oomblik hier by die altaar staan, laat ons bid?

> . . . sondaars . . .

182 "Maak my, Here, 'n Christen soos daardie ma takbok was. Sy was 'n egte . . ." God seën jou. Sal julle nie nou kom saam met hierdie man hier nie? Een man in hierdie gehoor, wat uitkom, diepe oortuiging.

> O, al hulle skuldvlekke verloor;
> En sondaars het gedompel . . .

Mag jou laaste geleentheid wees, sal jy nie kom nie?

> . . . vloed,
> Al hulle skuldvlekke verloor,
>
> Die sterwende dief was verheug om te sien
> Daardie Fontein in sy dag;
> En daar mag ek, net so sleg soos hy,
> Al my sondes weg kom was.
> Al my sondes weg kom was,
> Al my sondes weg kom was;
> En daar mag ek, net so sleg soos hy,
> Al my sondes weg kom was.

60-0806 Luister Na Hom
Eisenhower Hoërskool
Yakima, Washington V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org